# BERGRIVIER

Munisipaliteit/Municipality

# TARIEF BELEID

# I N H O U D S O P G A W E

**BLADSY**

1. ALGEMENE INLEIDING EN DOELWIT……………………………………………….1

2. ALGEMENE BEGINSELS…………………………………………………......… 1

3. BEPALING VAN TARIEWE VIR GROOTMAATDIENSTE……………….…… 3

4. ELEKTRISITEIT……………………………………………………………………. 4

5. WATER………………………………………………………………………………5

6. VULLISVERWYDERING……………………………………………………......6

7. RIOOL……………………………………………………………………………..7

8. ANDER TARIEWE…………………………………………………………………..7

9. BESKIKBAARHEIDSFOOIE……………………………………………………….9

## 1. ALGEMENE INLEIDING EN DOELWIT

1.1 Ingevolge die bepalings van artikel 74 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet, Wet 32 van 2000, moet 'n tariefbeleid saamgestel, goedgekeur en geïmplementeer word en moet sodanige beleid onder andere voorsiening maak vir die heffing van fooie vir die lewering van munisipale dienste deur die munisipaliteit self of ooreenkomstige dienslewering-ooreenkomste. Alle munisipale dienste word tans gelewer deur die Munisipaliteit en is geen dienslewering ooreenkomste van toepassing nie.

1.2 Die tariefbeleid is saamgestel met inagneming, waar toepaslik, van die riglyne soos uiteengesit in artikel 74 van die Stelselwet.

1.3 Wanneer die Raad die jaarlikse tariewe vasstel, moet tariewe wat elders geld in die Weskus Distriksgebied in ag geneem word asook die impak wat die raad se eie tariewe kan hê op plaaslike ekonomiese ontwikkeling.

## 2. ALGEMENE BEGINSELS

2.1 Dienstetariewe wat neergelê word deur die munisipaliteit moet gesien word as verbruikersheffings en nie as belastings nie en dus kan die vermoë om te betaal vir die dienste van die betrokke verbruikers of gebruikers van dienste waarop die tariewe van toepassing is, nie as relevante kriteria oorweeg word nie (behalwe in die geval van noodlenigingsmaatreëls soos van tyd tot tyd goedgekeur deur die munisipaliteit).

2.2 Die munisipaliteit moet toesien dat tariewe eenvormig en regverdig deur die hele munisipale gebied toegepas word.

2.3 Tariewe vir die vier grootste dienste wat deur die munisipaliteit gelewer word, naamlik:

2.3.1 elektrisiteit
2.3.2 water
2.3.3 riool (afvalwater)
2.3.4 vullisverwydering (soliede afval)

Moet sover moontlik uitgawes verhaal wat verband hou met die lewering van elke betrokke diens en die rekening bedryf soos handelsrekenings, behalwe in die geval van vullisverwydering. Die tarief wat deur 'n bepaalde verbruiker of verbruiker betaal word, moet direk verband hou met die diens gelewer en die hoeveelheid wat gebruik is.

(Let wel: Belastings word eksklusief aangespreek in 'n belastingbeleid en word gevolglik uitgesluit uit hierdie beleidsdokument)

2.4 ~~Die munisipaliteit moet, sover as wat omstandighede dit toelaat, toesien dat tariewe gehef word met betrekking tot voorgaande dienste, binne 'n finansiële jaar 'n bedryf surplus van minimum 10% sal laat realiseer met die opstel en goedkeuring van die jaarlikse bedryfs begroting. Sodanige surplusse moet~~

~~aangewend word vir die verligting van eiendomsbelasting en die gedeeltelike finansiering van algemene dienste of vir die toekomstige kapitaal uitbreiding van die betrokke diens, of albei. (Hierdie bepaling is egter nie van toepassing op die vullisverwyderings diens nie).~~

2.5 Die Raad moet ŉ noodlenigingshulpprogram vir die munisipale gebied ontwikkel, goedkeur en ten minste jaarliks hersien. Die program moet die munisipaliteit se invorderingsbeleid duidelik uiteensit ten opsigte van tariewe wat gehef is op geregistreerde hulpbehoewendes en die implikasie van so ŉ beleid op ander verbruikers en verbruikers in die munisipale gebied. (Vir die doel het die Raad reeds ŉ volledige goedgekeurde hulpverleningbeleid aan hulpbehoewende gesinne – 'indigent').

2.6 Die munisipaliteit kan, in lyn met die beginsels vervat in die Grondwet en ander wetgewing ten opsigte van plaaslike regering, onderskeid tref tussen die verskillende verbruikers- en verbruikerskategorieë met betrekking tot die tariewe wat gehef word. Sulke onderskeid moet nogtans ten alle tye redelik wees en moet volledig uiteengesit word in elke jaarlikse begroting.

2.7 Die munisipaliteit se tariefbeleid moet deursigtig wees en die mate waartoe daar ŉ kruissubsidie tussen die kategorieë verbruikers en verbruikers bestaan, moet duidelik wees vir alle verbruikers en verbruikers van die betrokke diens.

2.8 Die munisipaliteit moet verder toesien dat die tariewe maklik verstaanbaar is deur alle verbruikers en verbruikers wat deur die tariefbeleid geraak word.

2.9 Die munisipaliteit moet ook toesien dat dienste koste-effektief gelewer word ten einde die beste moontlike koste van dienslewering te verseker.

2.10 In die geval waar dienste direk gemeet kan word, naamlik elektrisiteit en water, moet die verbruik van hierdie dienste behoorlik gemeet word deur die munisipaliteit en meters moet op ŉ maandelikse basis gelees word, soos omstandighede dit redelik toelaat, of waar nie van voorafbetaalde meters gebruik gemaak word nie. Die kostes wat ten opsigte van verbruikers gehef word, moet in verhouding wees met die hoeveelheid eenhede wat hulle verbruik.

2.11 Daarbenewens kan die munisipaliteit maandeliks beskikbaarheidsfooie of basiese fooie hef vir die betrokke dienste en kostes moet bepaal word vir elke tipe diens soos bepaal ingevolge die beleidsriglyne hieronder uiteengesit. Gewoonlik betaal verbruikers van water en elektrisiteit dus twee heffings: basiese vaste koste, wat nie verband hou met die volume van verbruik nie en wat gehef word ten opsigte van die beskikbaarheid van die betrokke diens; die ander hou direk verband met die verbruik van die betrokke diens.

2.12 Wanneer die koste van water, elektrisiteit en riooldienste oorweeg word, moet die munisipaliteit die kapitaalkoste in ag neem met betrekking tot die daarstelling en uitbreiding van sodanige dienste en van die gevolglike vaste koste in teenstelling met die wisselende koste om hierdie dienste te administreer. Die munisipaliteit moet dus onderneem om die bestuur en uitbreiding van dienste versigtig te beplan ten einde te verseker dat voldoende voorsiening gemaak is ten opsigte van sowel

die huidige asook toekomstige verbruik en dat hierdie vlakke, wat kan wissel, oor korter tydperke ook aangespreek word. Dit kan beteken dat die dienste teen minder as die volle kapasiteit oor verskillende tydperke gelewer word en moet voorsiening in die jaarlikse tariewe gemaak word vir die koste verbonde aan hierdie surplus kapasiteit.

2.13 Wanneer 'n tweeledige tariewestruktuur, naamlik die basiese ~~beskikbaarheid~~ fooi gekoppel aan 'n heffing, asook op verbruike, goedgekeur word, is die munisipaliteit van mening dat voldoende voorsiening gemaak is in die behoeftes van beide toekomstige ontwikkeling en wisselende aanvraag siklusse asook ander afwykings.

2.14 Dit word ook aanvaar dat 'n gedeelte van die munisipaliteit se tariewe beleid vir elektriese dienste moet verseker dat sodanige verbruikers, wie hoofsaaklik verantwoordelik is vir spitstyd verbruik en gevolglik verwante gebruik heffings by Eskom tot gevolg het, die koste ten opsigte van hierdie heffings moet dra. Vir hierdie doeleindes moet die munisipaliteit meters installeer ten einde die maksimum aanvraag van sodanige verbruikers oor 'n bepaalde tydperk te monitor. Hierdie verbruikers betaal dus die betrokke aanvraag heffing sowel as 'n dienste- heffing wat direk verband hou met die werklike verbruik van elektrisiteit gedurende die bepaalde meter tydperk.

2.15 Die Raad kan ook as aansporingsmaatreëls om ontwikkeling te stimuleer en aan te moedig, tariewe en heffings vrystel, tydelik vrystel en/of rabatte instel. Die toekenning van aansporingsmaatreëls sal in elk geval op meriete, individueel beoordeel word en sal die toekenning daarvan gebaseer word op grond van swartbemagtiging, werkskepping, ens.

2.16 Waar daar meer as een aansluiting vir 'n diens per erf is, sal elke aansluiting geag word as 'n aansluitingspunt en sal die basiese dienste op elke aansluiting van toepassing wees.

## 3. BEPALING VAN TARIEWE VIR GROOTMAATDIENSTE

3.1 Ten einde tariewe te bepaal wat gehef moet word vir die verskaffing van die vier groot dienste, moet die munisipaliteit die lopende koste identifiseer, wat die volgende insluit:

3.1.1 Koste van grootmaat aankope in die geval van water en elektrisiteit;

3.1.2 Verspreidingskoste;

3.1.3 Verspreiding verliese in die geval van elektrisiteit en water.

3.1.4 Waardevermindering;

3.1.5 Onderhoud van infrastruktuur en ander vaste bates;

3.1.6 Administrasie en dienste koste, insluitend –

3.1.6.1 kostes gehef deur ander departemente;

3.1.6.2 redelike algemene oorhoofse uitgawes, byvoorbeeld koste wat verband hou met die kantoor van die munisipale bestuurder.

3.2 Voldoende bydraes met betrekking tot slegte skuld.

3.3 Alle ander werk uitgawes wat verband hou met die betrokke diens, insluitend, in die geval van elektrisiteit, die koste om straatbeligting in die munisipale gebied te voorsien (let wel – die koste van die demokratiese proses binne die munisipaliteit, d.i. alle uitgawes wat verband hou met die politieke struktuur van die munisipaliteit, moet deel vorm van die uitgawes wat gefinansier word deur erfbelasting en algemene inkomstes, en mag nie ingesluit word in die koste van grootmaat dienste gelewer deur die munisipaliteit nie).

3.4 Die verwagte surplus wat vir die finansiële jaar gegeneer word, moet soos volg aangewend word:

3.4.1 toewysing aan kapitaal reserwes; en/of

3.4.2 in die algemeen om belasting en algemene dienste te verlig.

## 4. ELEKTRISITEIT

4.1 Die toepaslike tariewe, soos goedgekeur deur die Raad, moet gehef word ten opsigte van die onderskeie kategorieë elektrisiteitsverbruikers, soos hieronder uiteengesit,

4.2 Tariefaanpassings sal in werking tree vanaf die eerste rekening wat gelewer word na 1 Julie van elke jaar.

4.3 Die verbruik- en heffingskategorieë is soos volg:

4.3.1 Alle gemete elektrisiteitsverbruikers moet ’n rekening ontvang ten opsigte van elektrisiteitsverbruik, gehef teen die toepaslike kategorie waarin die betrokke verbruiker val.

4.4 Ten einde elektrisiteit verbruik te bestuur, word bloktariewe in die vorm van glyskale gebruik.

4.5 Die munisipaliteit verskaf die eerste 50 kwh elektrisiteit per maand gratis aan geregistreerde hulpbehoewendes deernisgevalle en huishoudelike enkelfase aansluitings, waar die aansluiting vrywilliglik tot 20 ampère beperk word.

4.6 Alle ander huishoudelike elektrisiteitsverbruikers, met uitsluiting van gebruikers in 4.5 moet addisioneel aangeslaan word vir ’n basiese heffing per geïnstalleerde meter.

4.7 Alle handel-, nywerheid- en ander nie-huishoudelike eiendom met konvensionele meters moet addisioneel aangeslaan word met ’n maandelikse basiese heffing per

meter en waar toepaslik, moet 'n aanvraagheffing wat verband hou met hulle onderskeie vlakke van verbruik, ingestel word.

4.7 Die munisipaliteit se departementele elektrisiteitsverbruik moet teen kosprys gehef word.

## 5 WATER

'n Tweeledige tarief sal van toepassing wees op alle waterverbruikers, die tarief sal bestaan uit 'n vaste komponent in die vorm van 'n basiese heffing wat van toepassing is op alle verbruikers wat deur die waterverspreidingsnetwerk watertoevoer ontvang, hetsy by wyse van 'n enkel of gedeelde aansluiting en 'n verbruiksheffing gebaseer op die gemeterde verbruik.

5.1 Waterverbruik sal gebaseer word op die onderskeie kategorieë van verbruikers ~~soos hieronder uiteengesit~~, en moet gehef word teen die toepaslike tariewe soos goedgekeur deur die Raad tydens elke jaarlikse begroting.

5.2 Tarief aanpassings sal in werking tree vanaf die eerste rekening wat gelewer word na 1 Julie van elke jaar.

5.3 Hulpbehoewende huishoudelike waterverbruikers, ontvang die eerste 6 (ses) kiloliter water wat per maand gebruik word, gratis. Daarna sal 'n progressiewe tarief per kiloliter geld soos vasgestel deur die Raad van tyd tot tyd en soos uiteengesit in die jaarlikse tariefvasstelling wat deur die Raad goedgekeur word.

~~5.3 Die kategorieë van verbruik en heffings word in die jaarlikse tariefstruktuur deur die Raad goedgekeur is soos volg:~~

~~5.3.1 Hulpbehoewende huishoudelike waterverbruikers wat vir een of meer dienste van die Raad aangesluit is, ontvang die eerste 6 (ses) kl water wat per maand gebruik word, gratis. Daarna sal 'n progressiewe tarief per kl geld soos vasgestel deur die Raad van tyd tot tyd en soos uiteengesit in Paragraaf 5.3.3 van hierdie beleid[i].~~

~~5.3.2 Alle ander verbruikers sal aangeslaan word vir werklike waterverbruik teen 'n progressiewe tarief per kl soos vasgestel deur die Raad van tyd tot tyd. Die tarief vir verbruik moet gebaseer wees op 'n maandelikse verbruik van:~~

~~tot en met 6 kl~~
~~7 kl tot 20 kl~~
~~21 kl tot 50 kl~~
~~51 kl tot 100 kl~~
~~101 kl tot 200 kl~~
~~201 kl tot 1 000 kl~~
~~1001 kl tot 1 500 kl~~
~~1 501 kl tot 2 000 kl~~
~~en meer as 2000kl~~

~~5.3.3 Huishoudelike verbruikers sal aangeslaan word vir werklike waterverbruik teen 'n progressiewe tarief per kl soos vasgestel deur die Raad van tyd tot tyd. Die tarief vir huishoudelike verbruik moet gebaseer wees op 'n maandelikse verbruik van:~~

~~tot en met 6 kl~~
~~7 kl tot 13 kl~~
~~14 kl tot 20 kl~~
~~21 kl tot 35 kl~~
~~36 kl tot 50 kl~~
~~en meer as 50 kl~~

~~(Let wel): Bogenoemde glyskaal van tariewe kan tydens noodmaatreëls as gevolg van waterskaarste aangepas word met 'straf' tariewe as water beperkende maatreëls en as 'n instrument om waterbesparings af te dwing.~~

5.4 ’n Basiese heffing per watermeter gebaseer op die grootte van aansluiting kan deur die Raad van tyd tot tyd vasgestel word en sal geld ten opsigte van alle waterverbruikers.

5.5 Waar meer as een Vrystaande/gedeeltelik vrystaande, selfonderhoudende wooneenheid of besigheidseenheid op ’n perseel van water voorsien word, hetsy deur gebruik te maak van ’n enkele gedeelde water aansluiting of meerdere individuele aansluitings, sal ’n basiese heffing soos van toepassing op die betrokke kategorie van verbruiker op elke gebruiker wat deur die betrokke aansluiting(s) voorsien word van toepassing wees

5.6 Die munisipaliteit se departementele waterverbruik sal teen kosprys aangeslaan word.

## 6 VULLISVERWYDERING

6.1 Die kategorieë vullisverwyderingverbruikers soos hieronder uiteengesit, moet aangeslaan word teen die toepaslike tariewe, soos goedgekeur deur die Raad tydens elke jaarlikse begroting.

6.2 Tariefaanpassings sal in werking tree vanaf die eerste rekening wat gelewer word na 1 Julie van elke jaar.

6.3 ’n Aparte vaste maandelikse vullisverwyderingheffing is op elk van die volgende kategorieë verbruikers van toepassing, gebaseer op die koste van die betrokke diens:

6.3.1 Huishoudelike en ander verbruikers (verwydering een keer per week)
6.3.2 Besighede en ander verbruikers (verwydering twee keer per week)

6.4 Die hoeveelheid vullis wat gegenereer word deur ’n verbruiker sal bepaal hoeveel eenhede elke verbruiker moet betaal vir die diens wat gelewer word. ’n Fisiese opname sal van tyd tot tyd gedoen word ten einde die volumes te bepaal en om te

verseker dat verbruikers korrek aangeslaan word volgens die hoeveelheid vullis wat gegenereer word.

6.5 Geregistreerde hulpbehoewendes kan korting kry op hierdie heffing soos deur die Raad bekostigbaar geag tydens die goedkeuring van elke jaarlikse begroting, maar met die verstandhouding dat sodanige korting nie meer as 100% van die maandelikse rekening ten opsigte van die vullisverwydering heffing beloop nie.

6.6 ʼn Vaste maandelikse heffing, wat nie die huishoudelike heffing mag oorskry nie, is betaalbaar deur die munisipaliteit se departemente.

6.7 Dit is die plig van elke eienaar van ʼn besigheid, van ʼn winkel of handelsperseel om toe te sien dat die sypaadjie voor of aangrensend aan die perseel, skoon en vry gehou word van vullis wat van sodanige perseel afkomstig is of wat voortspruit uit die verskaffing of verkoop van goedere vanuit sodanige perseel. Indien dit nie gedoen word nie, kan die Munisipaliteit ʼn tarief bepaal en die koste teen die eienaar se dienste rekening hef.

## 7 RIOOL

7.1 Die kategorieë van rioolverbruikers soos hieronder uiteengesit moet maandeliks aangeslaan word teen die toepaslike tarief soos goedgekeur deur die Raad tydens elke jaarlikse begroting.

7.2 Tariefaanpassings sal in werking tree vanaf die eerste rekening wat gelewer word na 1 Julie van elke jaar.

7.3 Die kategorieë vir gebruik en heffings is soos volg:

7.3.1 ʼn Vaste maandelikse fooi gebaseer op die koste van die diens moet gehef word ten opsigte van alle huishoudelike wooneenhede insluitende woonstelle, deeltitel- en tyddeeleenhede.

7.3.2 Geregistreerde hulpbehoewendes kan korting ontvang mits die Raad dit as bekostigbaar ag tydens die goedkeuring van elke jaarlikse begroting, maar met die verstandhouding dat hierdie korting nie meer as 100% van die maandelikse rekening vir hierdie diens sal beloop nie.

7.3.3 ʼn Vaste maandelikse fooi, gebaseer op die koste vir die diens moet gehef word ten opsigte van alle besighede, nywerhede en institusionele verbruikers.

7.3.4 Waar meer as een Vrystaande/gedeeltelik vrystaande, selfonderhoudende wooneenheid of besigheidseenheid aan die spoelrioolstelsel van die munisipaliteit gekoppel is, hetsy by wyse van ʼn aparte of gedeelde riool aansluiting, sal ʼn fooi gelykstaande aan die basiese heffing op elke gebruiker van toepassing wees

7.3.5 ʼn Vaste maandelikse fooi gelykstaande aan die laagste (huishoudelike) tarief, moet gehef word ten opsigte van die munisipaliteit se departemente.

7.3.6 ʼn Afvalwaterfooi is voorts betaalbaar deur fabrieke en ander nywerhede waar afvalwater, wat afkomstig is vanaf hierdie kategorie van verbruikers, spesiale suiweringsmaatreëls deur die munisipaliteit vereis. Sodanige

fooie sal gebaseer word op die toksiese inhoud van die betrokke afvalwater en die koste vir die suiwering

## 8 ANDER TARIEWE

8.1 Ander tariewe, naamlik alle tariewe uitgesonder water, elektrisiteit, riool en vullisverwydering.

8.2. Alle ander tariewe moet gestandaardiseer wees binne die munisipale gebied

8.3 Alle ander tariewe moet deur die Raad goedgekeur word tydens elke jaarlikse begroting en moet, waar raadsaam geag deur die Raad, deur erfbelasting en algemene inkomste gesubsidieer word, veral wanneer die tariewe onekonomies blyk te wees wanneer die betrokke diens se koste gedek moet word, of wanneer die koste nie akkuraat bepaal kan word nie, of wanneer die tarief daarop gemik is slegs om die betrokke diens of gerief te reguleer eerder as te finansier.

8.4 Alle ander tariewe waaroor die munisipaliteit volle beheer het en wat nie direk verband hou met die koste van 'n betrokke diens nie, moet jaarliks aangepas word om ten minste in lyn te wees met die heersende verbruikersprysindeks, mits daar goeie redes is hoekom 'n aanpassing nie gedoen gaan word nie.

8.5 Die volgende dienste behoort as gesubsidieerde dienste geag word en die tariewe gehef behoort sover moontlik die jaarlikse werklike uitgawes waarvoor begroot is te dek vir die betrokke diens:

8.5.1 begrafnisse en begraafplase
8.5.2 huur vir die gebruik van munisipale sportfasiliteite
8.5.3 munisipale swembad
8.5.4 munisipale museums
8.5.5 verwydering van tuin-en besigheidsafval na die munisipale stortingsterrein
8.5.6 ander diverse tariewe bv. verhuur van toerusting, bouplangelde, grondgebruik beplanning, ens.

8.6 Die volgende dienste moet as gemeenskapsdienste beskou word en geen tariewe mag gehef word vir die gebruik daarvan nie:

8.6.1 munisipale biblioteek (behalwe vir boetes)
8.6.2 munisipale tuine en alle ander parke en openbare oop ruimtes

8.7 Die volgende dienste behoort as ekonomiese dienste beskou word en die tariewe gehef behoort 100%, of so na as moontlik aan 100%, die begrote jaarlikse werklike uitgawes van die betrokke diens dek.

8.7.1 onderhoud van grafte en gedenktuin
8.7.2 huishuur
8.7.3 huur vir die gebruik van munisipale sale en ander persele (onderworpe aan die voorwaardes soos hieronder uiteengesit)
8.7.4 bouplanfooie

8.7.5 verkoop van plastiek vullissakke
8.7.6 verkoop van vullisdromme
8.7.7 skoonmaak van persele
8.7.8 elektrisiteit, water, riool, nuwe aansluitingsfooie
8.7.9 verkoop van plante
8.7.10 fotostatiese afdrukke en fooie
8.7.11 uitklaringsertifikate en ander sertifikate (bv. sonering)
8.7.12 aansoekfooie vir grondgebruik
8.7.13 dorpskaarte en soneringsplanne

8.8 Die volgende heffings en tariewe moet as 'n regulerende of strafmaatreël oorweeg word en moet toepaslik oorweeg word tydens elke jaarlikse begroting.

8.8.1 boetes vir verlore of laat biblioteekboeke
8.8.2 skutfooie
8.8.3 elektrisiteit, water, afsluitings- en aansluitingsfooie
8.8.4 boetes en ander heffings neergelê ingevolge die goedgekeurde beleid ten opsigte van kredietbeheer en skuldinvordering
8.8.5 boetes vir die indiening van afgekeurde, verouderde, vooruitgedateerde of andersins onaanvaarbare tjeks.

8.9 Markverwante huur moet gehef word ten opsigte van die verhuring van elke munisipale eiendom, insluitende karavaanparke en strandoorde.

8.10 Indien die munisipale bestuurder tevrede is dat sale en persele benodig word vir nie-winsgewende instansies en vir die lewering van 'n diens aan die gemeenskap, kan die munisipale bestuurder tot 100% afslag toestaan ten opsigte van die betrokke huur.

8.11 Die munisipale bestuurder moet bepaal of enige vrywaring of waarborge gegee moet word ten opsigte van die huur van munisipale sale, persele en sportgronde en moet in ag neem watter skade die munisipaliteit kan ly as gevolg van die gebruik van die betrokke fasiliteite.

## 9 BESKIKBAARHEIDSFOOIE

9.1 Beskikbaarheid fooie, soos jaarliks in sy begroting deur die raad bepaal, ten opsigte van Water, Elektrisiteit, Riool en Vullisverwydering is betaalbaar deur alle eienaars van onbeboude eiendomme waar geeneen van die dienste aangesluit is nie maar redelikerwys aangesluit kan word. Indien een of meer van hierdie dienste aangesluit word, sal die basiese fooie t.o.v. al die dienste wat redelikerwys aangesluit kan word, geld soos bepaal in die gedeelte van hierdie beleidsdokument wat daarmee handel. Elke eiendom per aansluitingspunt word geag 'n wooneenheid te wees.

~~9.2 Dat leë erwe met 'n markwaarde, soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, kwytgeskeld word van beskikbaarheidsgelde vir 'n tydperk van een jaar na oordrag van die eiendom om sodoende sodanige eienaar die geleentheid te bied om finansiële hulp te bekom vir die aanbring van verbeterings op die erf.~~